



NP van Wyk Louw  
Sentrum vir Gemeenskapstudies

Verslag

# Afrikaans se plek op SA Kampusse



NP van Wyk Louw-sentrum vir Gemeenskapstudies  
Tel. 012 301 1777 E-pos. [christoff@fak.org.za](mailto:christoff@fak.org.za)  
Gerard Moerdykhuys, Voortrekkermonumentterrein, Eeufeesweg, Pretoria  
Posbus 2655, Brooklyn Square, 0075

## **Is die bohaai oor Afrikaans op universiteitskampusse die moeite werd?**

### **Die Beginsel standpunt**

In beginsel, ja. Ons is immers Afrikaans en om aan te dring op tersiêre opleiding in Afrikaans is nie 'n vergunning nie, maar 'n reg wat in meeste demokratiese lande met verskillende taal- of kultuurgroepe aanvaar word.

Die waterskeiding kom egter daar in of die spesifieke taal – of kultuurgroep die wil het om hierdie reg op te neem of nie.

Tans is daar verskillende groepe wat direk en indirek deur die Staat ondersteun word, wat meen dat Afrikaanse mense hierdie reg ontnem moet word as gevolg van verskeie redes waaronder toegang, eksklusiwiteit, Apartheid, anti-witheid en dies meer voorgehou word.

In die groter prentjie gaan dit net soveel oor die taal as oor die behoud van Afrikaanse dosente, bestuur, onderwysers en almal wat betrokke is by die Afrikaanse onderwys en universiteitswese. Afrikaanse onderwysers, dosente en die bestuur van onderwysinstellings moet vir geen oomblik dink hul pos is veilig deur slegs 'n nuwe taalbeleid te ondersteun nie. Onthou, jy kan jou taal verander, maar nie jou vel kleur nie.

Hier moet daar nie doekies omgedraai word nie. Open Stellenbosch se twee hoofdoelwitte op die Universiteit van Stellenbosch is om 1) net Engels (geen tweetaligheid hier nie) as voertaal te laat instel en 2) seker te maak dat mense wat soos hulle lyk (lees swart African) die meerderheid is. Met ander woorde, 'n proses van rassesuiwering.

Dus, moet daar 'n bohaai opgeskop word oor Afrikaans op Universiteitskampusse, omrede daar soveel meer as net taal op die spel is.

## **Die meerderheid studente op Universiteits kampusse is nie meer Afrikaans nie. Waarom dit nou op hulle afdwing?**

### **Die Grondwetlike standpunt**

Suid-Afrika is 'n Grondwetlike Regstaat waarin die Grondwet die oppergesag is.



Afrikaans is ingevolge Artikel 6 van die Grondwet 'n amptelike landstaal, en Artikel 9 bepaal dat die staat nie regstreeks of onregstreeks teen iemand mag diskrimineer op grond van onder meer ras, taal of kultuur nie. Artikel 29 bepaal dat elkeen die reg het om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal van sy keuse, met inbegrip van enkelmediuminstellings.

Ware demokrasie bepaal juis dat almal se taal-regte bevorder en beskerm word. Dit sluit in die reg om in die taal van jou keuse onderrig te word.

Indien Afrikaans afgeskaf word, wat word dan van die Afrikaanse student se regte?

Afrikaanse studente se getalle het nie dramaties afgeneem nie, en is daar steeds 'n betekenisvolle aanwesigheid op kampusse soos die US, die UP en die NWU is. Toe Engelssprekende studente slegs 14% van die totale bevolking by UP uitgemaak het, was die aanbod van klasse in beide tale klaarblyklik "ekonomies regverdigbaar". Noudat Afrikaanssprekendes 30% van die totale bevolking van dieselfde universiteit uitmaak, is dit skielik nie meer haalbaar nie.

Indien taal-regte afgewater of geïgnoreer word verander die beginsel van demokrasie bloot in meerderheidsoorheersing wat dan uitloop op 'n totalitêre samelewing waarin minderhede, geen vryheid geniet nie en van hul regte ontnem word.

Dus gaan dit nie oor die afdwinging van Afrikaans nie, maar eerder oor die opneem van Grondwetlike regte om te verseker dat almal vry is om die ruimtes wat hul gebied word, uit te leef. Elkeen het die reg om op sy eie manier, met behoud van sy taal en kultuur, en veral met verdraagsaamheid van ons verskille, by te dra tot ons land, solank ons nie mekaar se grondwetlike regte in die proses vertrap nie.

## **Is onderhandeling nie die manier vorentoe nie?**

### **Die Politieke standpunt**

Die Staat se uitgangspunte word tans, onder die dekmantel van nasiebou en versoening, deur 'n rasgedrewe ideologie van swart oorheersing gelei. Die rasse demografie van die land volgens die formule van 80-9-9-2 word gebruik, en alle publieke sferes moet hiervolgens getransformeer word. Ook Universiteite.



Daar is in die verlede reeds talle taalbeleide voor die neuse van die Afrikaanse taalgemeenskap geswaai waarin belowe is dat Afrikaans se plek aan die universiteite veilig is. Vandag blyk hierdie beloftes leeg.

Indien daar in ag geneem word dat Afrikaans ongeveer 7 miljoen mense in Suid-Afrika se huistaal is (en dit groei), moet die logiese konklusie tog wees dat daar 'n werklike behoefte aan Afrikaanse tersiêre opleiding is. Die Staat steur hom egter nie daaraan en dwing blindelings 'n onwerkbare

bloudruk van rasse ideologie op gemeenskappe af. Ons sien dat die ruimte vir Afrikaans by die dag verskraal, met geen politieke wil om dit te verander.

Met so 'n politieke uitgangspunt is dit onmoontlik om te onderhandel. Gemeenskapsselfstandigheid tesame met regsaksie om die Staat te dwing om sy verantwoordelikhede na te kom, kan vrugte afwerp.

Dus, die deur vir onderhandeling sal altyd oop wees, maar nie tensy die Staat afsien van sy onderdrukkende ideologie nie. Intussen behoort ons meer aktief betrokke te raak by opbou van die eie en verset teen wat verkeerd is.

## **Hoekom moet Universiteit opgesaal word met die bewaring van Taal en Kultuur, dit is tog kultuurorganisasies se werk?**

### **Die Kultuur standpunt**

Kultuur speel 'n baie belangrike rol in suksesvolle universiteite oor die wêreld heen. Die meeste universiteite in die moderne ontwikkelde wêreld is nie net tot stand gebring om studente vir die beroepslewe voor te berei nie, maar ook om hulle in die breë sin van die woord op te voed.

'n Onlosmaaklike deel daarvan is dat studente eers werklik as opgevoed (of gekultiveerd) beskou is as hulle hul wêreld met behulp van 'n veelheid van tale (ook en veral hul moedertale) oop kan maak.

Die kultivering van moedertale aan universiteite staan nie in spanning met die akademiese lewe nie, maar verteenwoordig eerder 'n onontbeerlike deel daarvan. Die oppervlakkige Engels wat vandag as normatief aan ons universiteite beskou word (en op 'n ondemokratiese wyse aan almal opgedwing word), verteenwoordig 'n ernstige verskraling van dié opvoedingsideaal. Die volle ontwikkeling van ons moedertale op universiteit kan help om dié ideaal weer sy regmatige plek aan ons universiteite te gee.



**Moet alles moontlik nie gedoen word om Universiteite so toeganklik moontlik te maak sodat almal daar kan tuis voel nie?**

### **Die standpunt oor Toegang**

Inderwaarheid bestaan daar nie 'n enkele bewys daarvoor dat Afrikaanse klasse aan "ons" universiteite per definisie teen enige anderstalige student diskrimineer nie. Intendeel, eertydse

Afrikaanse universiteite het bykans tot die dood toe (blyk dit nou) agteroor gebuig om anderstaliges (veral Engelssprekendes) ter wille te wees.

Transformasiedruk het reeds veroorsaak dat die breë universiteitsektor reeds uit byna 80% swart (African) studente bestaan.

Hoe is dit moontlik dat dié agteroorbuig ten gunste van anderstaliges nou met diskriminasie téén hulle gelyk gestel word? Enigeen wat dit doen, ly aan kwaadwilligheid, misplaaste haat, kollektiewe selfontkenning, werklikheidsvreemde denkbeelde oor 'n wêreld sonder taalgrense of al hierdie patologieë tegelyk.

Natuurlik behoort die argument eerder omgeswaai te word want indien Engels die enigste voertaal word, word die Afrikaanse student nou toegang tot Afrikaanse onderrig geweier en waar moet hy/sy nou tuis voel?

Deur Afrikaans te verban sluit jy die Afrikaanssprekende uit van 'n bestaande geleentheid - jy vat iets van hulle weg. Jy laat hom en sy kultuur en sy taal baie onwelkom voel en hierdie verwerping gaan beslis nie nasiebou bevorder nie.

**Ons kinders gaan in 'n hoofsaaklike Engelse omgewing werk. Moet hulle nie maar Engels van vroeg af goed onder die knie kry nie?**

### **Die Akademiese standpunt**

Die afskaffing van Afrikaans as akademiese taal sal die eerste voorbeeld wees in die wêreldgeskiedenis waar 'n akademiese taal doelbewus nek omgedraai word, terwyl daar 'n bewese behoefte daarvoor bestaan.





As Afrikaans op universiteitsvlak afgeskaf word sal die volgende logiese stap wees om Afrikaans op Hoërskool en dan Laerskool af te skaf. Terloops, daar het die afgelope paar jaar reeds meer as 350 Afrikaanse skole landwyd toegemaak!

Benewens dit, is Afrikaans slegs een van vier ander tale - moderne Hebreeus, Baskies en Indonesies - wat die afgelope eeu ongelooflike deurbreke gemaak het om as 'n akademiese taal te kan funksioneer! Van al die talle wat in Afrika gespreek word, is Afrikaans die enigste wat hierdie ereplek kan volstaan! Dit behoort ons trots op Afrikaans te maak!

Die navorsing in verband met moedertaalonderrig is oorweldigend sterk ten gunste daarvan. Taal en konsepvorming word in die eerste vyfjaar gevorm. Om in 'n tweede taal soos Engels onderrig te word het ernstige implikasies ten opsigte van leerprobleme wat verder betrekking het op selfbeeld en leierskap.

Dus, om nie om te gee oor Afrikaans, is kortpad na die verdomlikingsproses waardeur jy jou kind in 'n posisie plaas waar hy/sy nie veel beter af is as 'n derde wêreldkind!

**Daar is mos nog steeds die opsie om Afrikaans by privaatinstellings te laat voortleef, hoekom gebruik ons nie eerder die opsie nie?**

#### **Die Privatisering standpunt**

Private Universiteite is geen nuwigheid, en intendeel is daar navorsing wat wys dat die aantal privaat universiteite in Afrika, die aantal staatsuniversiteite binne die volgende paar jare gaan verby neem.

Privaat Universiteite staan geen tree terug vir enige ander instellings in die wêreld nie en word gewoonlik op goeie besigheidsbeginsels bedryf. Die kwaliteit van die onderrig skeep ook glad nie af teen enige ander instansies nie.

Een so 'n instelling is Akademia wat met behulp van die Solidariteit Beweging begin is. Hierdie instelling beroem hom daarop om tersiêre opleiding in Afrikaans te verskaf.

Alhoewel privatisering goed is en in die toekoms sal uitbrei namate die Staat se dienste verder verswak, moet daar gewaak word daarteen om bestaande instansies van hoë kwaliteit prys te gee ten gunste van nuwe instansies. Nuwe instansies vereis baie geld en tyd om tot 'n hoë vlak uitbrei te word.



Te veel harde werk, moeite en geld is bestee daaraan om Afrikaanse instansies soos UP, NWU en US op te bou om nou as gevolg van politieke druk deur rand figure dit totaal prys te gee.

Indien hierdie instansies en tesame daarmee Afrikaanse skole verder verdwyn of geprivatiseer word, verskraal die ruimte wat daar tans vir Afrikaans in Suid-Afrika bestaan nog verder. Daar moet ook gewaak word dat privatisering nie lei tot die aantying dat die instansie van vooraf 'n 'apartheidsinstansie' word nie. In hierdie verband moet daar in gedagte gehou word dat die meerderheid Afrikaans sprekendes in Suid-Afrika, nie-blank is.

Dus, is dit 'n goeie idee om privaat instellings te ondersteun, maar moet daar nie opgegee word op huidige instellings nie, al lyk dit na 'n moeilike taak.

## **Hoekom moet Afrikaans bevoordeel word bo ander tale?**

### **Die standpunt oor Bevoorregting**

Dit is en bly 'n skreiende skande van ons regering dat Zulu, Tswana of Sotho sprekers, nie hul tersiêre opleiding in hul moedertaal kan voortsit en voltooi nie. Om te werk vir die bewaring en bevordering van Afrikaans beteken glad nie dat dit 'n stryd is teen enige ander tale in Suid-Afrika nie. Op geen vlak wil Afrikaansprekendes ander mense vervreem, uitsluit of verneder nie of enigsins vasklou aan 'n ou vorm van bevoorregting nie.

Inteendeel wil meeste Afrikaners op 'n regverdige wyse, die geleentheid gegun word om op hul eie unieke manier, by te dra tot die Suid-Afrikaanse samelewing en gemeenskap.

Afrikaners dring egter aan op die kulturele vryheid wat insluit die reg om in hul taal te kommunikeer en te presteer ten bate van almal in Suid-Afrika. Hierdie reg om kultureel vry te wees kom geensins neer op bevoorregting, maar is eerder 'n absolute noodsaaklikheid vir enige persoon binne 'n spesifieke kultuurgemeenskap om hom of haarself waarlik uit te leef.

Ons as Suid-Afrikaners behoort ons swak leiers eerder aan te spreek omrede daar tans niks daadwerklik gedoen word om ander amptelike tale ook te ontwikkel tot hoë vlak mediums van onderrig.